

BOEKBESPREKINGS

J.P. BRITS (red.): *Diary of a National Scout P.J. du Toit 1900—1902*. Human Sciences Research Council, Pretoria, 1974. Pp. 122, illus., kaarte, bronnelys. R5,30.

Hierdie werk is die tweede in die reeks bronnepublikasies wat deur die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Anglo-Boereoorlog uitgegee word. Soos die redakteur dit tereg stel, bestaan daar baie dagboeke oor die Anglo-Boereoorlog, maar dagboeke van persone wat aan albei kante geveg het, loop 'n mens nie maklik raak nie. Met dank word dus vermeld dat prof. F.A. van Jaarsveld die aandag van die RGN op hierdie dagboek gevestig het. Die oorspronklike dagboek, wat twee boekdele beslaan, is in die besit van mnr. en mev. J.P.S. du Toit van Randfontein.

Die skrywer van hierdie dagboek, P.J. (Pietjie) du Toit, was 'n Kaapse Afrikaner. Hy het hom in Kaapstad as 'n onderwyser bekwaam en word in Januarie 1889 prinsipaal van die eerste staatskool in Krugersdorp. Hy het hom egter spoedig in die mynbou begewe en was teen 1899 'n eerste klerk in die kantoor van die mynkommissaris in Klerksdorp.

Die inskrywings in die dagboek begin op 5/9/1900, waar Du Toit meld dat hy vir die derde keer gekommandeer is en ten spyte van besware om nogeens die wapen op te neem, weer as sekretaris vir Generaal P.J. Liebenberg moes optree. Sy deelname aan die oorlog, hoewel hy weinig aan aktiewe gevegte deelgeneem het, was halfhartig. Die oorlog was vir hom, soos hy op 12/10/1900 aanteken, "a fruitless cause" (p.15). Op 29/11/1900 skryf hy: "I am daily growing stronger in my opinion about matters in general, and hope to act up to my convictions soon" (p.27). Dit duur egter tot 31/5/1901 voordat hy oorgee. Nog voor die einde van die volgende maand tree hy in die diens van die Britse magte en word hy 'n *joiner*, 'n lid van die *National Scouts*. Op 13/6/1902, waarop ook die laaste inskrywing in die dagboek gemaak is, is Du Toit naby Pretoria ontslaan en het hy na Klerksdorp vertrek.

Die publikasie is mooi afgewerk en benewens paslike illustrasies bevat dit ook nuttige uitvoukaarte waarop Du Toit se bewegings gevolg kan word. Die teks is goed versorg en van verklarende aantekeninge voorsien. Die redakteur het beslis baie moeite gedoen en het hom gehou aan die wetenskaplike vereistes vir 'n bronnepublikasie.

'n Bronnepublikasie is altyd waardevol omdat dit die bron na die studeerkamer van die student bring. Hoe waardevol hierdie publikasie is, is nogal moeilik om te bepaal. Of dit enige belangrike nuwe feite, of selfs nuwe insigte oor die Anglo-Boereoorlog as sodanig bevat, val sterk te betwyfel. Die dagboek is ook nie onderhoudend geskryf nie en is beslis nie die interessantste dagboek wat ek al gelees het nie. Hieroor kan daar egter meningsverskil wees. Die dagboek gee wel insig in die redes waarom Du Toit verraad gepleeg het (kyk veral p.51) en behoort in hierdie opsig waarde te hê vir die student wat oor die *National Scouts* navors.

M.C. VAN ZYL
Universiteit van Suid-Afrika

H.M. RICHARDS: *False Dawn, the Story of Dan Judson, Pioneer*. Books of Rhodesia, Bulawayo, 1974.

False Dawn by Hylda Richards is the story of Dan Judson, a pioneer of Rhodesia during the period of 'False Dawn', before the real development of Rhodesia began. It is based on the diaries of Dan Judson and his young wife Maynie. The publication of the book was made possible by two Rhodesians, members of a Pioneer family, and is dedicated to The Rhodesian Pioneers and Early Settlers' Society. The motive is twofold — to honour these men and women who pioneered Rhodesia and to promote a wider interest in the country's history.

Because of the prominence accorded to political events in the daily press, the general reading public is more aware of the territory on the northern border of the Republic. Interest has been stimulated in present events as well as in the colourful history of Rhodesia. *False Dawn* illuminates this period in the light of events experienced by a young bride of 17 and her husband.

Dan and Maynie Judson were married in Cape Town in 1892. A year later Rhodes wished to reconstruct the telegraph in Mashonoland. Dan was chosen to supervise this work. His bride followed him by boat to Beira and survived an incredible journey by decrepit cart. The trip took one month from Cape Town to Salisbury. To the reader familiar with the broad Rhodesian highways, this journey is an exercise in contrasts. Once established, the maintenance of the telegraph line was hampered by elephant, giraffe and other big game, not to mention termites.

At Salisbury, the Judsons acquired a piano and musical evenings provided the chief source

of entertainment. It is interesting to note from Maynie's diary, that tinned goods e.g. Danish butter and lobster were freely available. Maynie accompanied her husband in a luxurious covered wagon when he set off on an inspection trip lasting three months. Her cooking arrangements and domestic appliances are described in great detail.

Dan was a leader of the famous Mazoe patrol episode during the Mashona Rebellion of 1896. The two diaries are correlated. Maynie, who was naively unaware of her husband's dangerous role, busied herself fretfully with her normal domestic routine. From Dan's diary informative chapters follow on the Gwelo laager and the patrol. Little known facts are brought to light as are the roles enacted by lesser known individuals.

The volume is richly illustrated with photographs. The authenticity of the historical source material, as well as the carefully compiled index, will appeal to the researcher. The publishers have upheld the high standard expected of Rhodesiana publications by the discriminating reader. This book is also recommended for the family bookshelf, as the lively tale will be enjoyed by both young people and mature readers of both sexes.

V. GROBLER

BINNS, C.T. *The Warrior People, Zulu origins, customs and witchcraft*. pp.283, 13 ill. Kaapstad, Howard Timmins, 1974. R6:95.

Dit is 'n boeiende en baie belangrike boek. Dit gaan uit van die feit dat baie verskynsels in die Zoeloe's se godsdiens en daaglikse gewoontes veel ooreenkomstig vertoon met die van die ou Egiptenare. Volgens die skrywer het die swart bevolking van Afrika oorspronklik uit een gesamentlike groep bestaan; wat naby die Nyirivier gewoon het. Onder 'n menigte van bewyse verwys mnr. Binns o.a. na die bekende ou mummie in die Britse Museum in Londen. Oor hierdie mummie huldig Leonard Woolley 'n ander mening, maar solank die bewyse ontbreek, moet ons Binns se mening aanvaar.

As gevolg van die versplintering van die Egiptiese Ryk en die later toenemende druk van Islam, het die swart bevolkingsgroepe begin beweeg na die Suide. Hulle het in verskillende rigtings getrek en naderhand ook onderling weer verder opgedeel. Vir hierdie sienswyse word taalvergelyking en ooreenkomstig in gewoontes as bewys aangevoer en daar word verwys na verklarings van reisigers.

Geen Zoeloe het ooit iets neergeskryf nie; ons kennis is afhanklik van mondelinge oorlewering en veel van die ou tradisies het verlore gegaan. 'n Opvallende verskil met Sentraal-Afrikaanse volke is o.a. dat die Zoeloes geen totempale vereer nie. Die gees van voorvaders speel natuurlik 'n groot rol. Hier is weer ooreenkomstig merkbaar met die verering deur die ou Egiptenare.

Binns beskryf verder die fees van die eerste vrugte, voorbereiding vir die nuwe jaar, die koningsfees, gebruik by opgroei van seuns en dogters, huwelikeremonies, die aanstelling van 'n dorpshef. Toordery speel 'n groot rol en deurdring alles: toordokters, opleiding van medisynmanne, sieners en voorspellers. Veel is gegrond op noukeurige waarneming van natuur en mens en op natuurgeneeskunde. Die voorbeelde wat aangehaal word is treffend. Veel van hierdie gewoontes bestaan vandag nog, ook in aangepaste vorm onder die verstedelike deel van die mense. Die blanke se teorieë en daadwerklike houding stem nie altyd ooreen nie en dit is vir die swartman verwarrend. Die geval wat genoem word waarby voorsiening van uiters noodsaaklike medisyn in Sentraal-Afrika bloot afhanklik gestel word van finansiële oorwegings, is skokkend. Die skrywer eindig egter op 'n godsdienstige noot wat moed gee.

Dit het jare van navorsing vereis om hierdie enorme hoeveelheid gegewens oor godsdienstige opvattinge en daaglikse volksgebruikte te versamel. Die materiaal is wetenskaplik uiteengesit met noukeurige aanduiding van die bronne. Juis deur die bekendstel van soveel feite oor die Zoeloe se opvattinge kan die boek baie bydra tot beter begrip en verstandhouding. Dit is 'n goeie en nuttige boek, wat vlot geskryf is. Elkeen wat belangstel in die moderne samelewing in ons land behoort hierdie boek te lees.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

JOSEPH GARBETT WOOD: *Through Matabeleland. The Record of a Ten Months' Trip in an Ox-Wagon Through Mashonaland and Matabeleland*. Rhodesiana Reprint Library vol. 33. Bulawayo, 1974. Pp. 198. Bylaes, R9,45.

Hierdie 33ste volume in 'n beplande reeks van 36 bevestig die verdienste van een van die

mooi ondernemings in die geskiedenisstudie ten opsigte van Suidelike Afrika in die jongste jare. As 'n mens na die titels in dié reeks kyk, bied dit blyke van die rykdom aan navorsingsmateriaal wat vir die historiese navorsers, maar ook vir die leek wat meer omtrent die vroeë jare van Rhodesië wil weet, beskikbaar is. Hierdie voorbeeld van Books of Rhodesia sou vrugbare navolging in die meeste ander lande van Suider-Afrika kon vind, soos wat dit byvoorbeeld reeds in Suid-Afrika die geval is.

Die boek is 'n faksimilee-herdruk van die oorspronklike 1893-uitgawe, maar is van 'n baie nuttige voorwoord deur E.C. Tabler voorsien, wat ook op enkele feitlike onjuisthede in Wood se verhaal wys. Nuwe illustrasies van Wood en E.G. Chapman is toegevoeg.

Wood, Chapman en W.C. Francis het in Maart 1887, 'n sindikaat gevorm met die oog daarop om 'n goudkonsessie van die Matabele-opperhoof, Lobengula, te verkry. Vir dié doel het hulle dan ook dieselfde jaar 'n reis na Lobengula onderneem, waarvan Wood hier 'n interessante beskrywing gee. Hoewel die verhaal die indruk van onafgerondheid skep en in baie opsigte die leser laat wens dat meer besonderhede gegee was, skryf hy tog in ander opsigte baie informatief. Hy maak interessante opmerkings oor die gebiede en die inwoners daarvan, die invloed van sterk drank onder die naturelle, die toestande in hierdie tyd van konsessiejag. Die atmosfeer wat deur die goudkoors geskep is, vorm inderdaad die grondtoon van die reisbeskrywing.

Nadat hulle toestemming by Lobengula verkry het, verken hulle dele van Masjonaland tot aan die Mazoe-rivier, maar word daarná 'n konsessie in dié gebied geweier. 'n Konsessie word eger wel aan hulle toegestaan ten opsigte van die gebied tussen die Shashi- en Macloutsi-riviere, wat daarná blyk ongeldig te wees weens Khama se aanspraak op die gebied en die Britse owerheid se teenkanting. Daar was inderdaad groter dinge in die weer, want in Oktober 1888 sou die konsessiekoors besweer word met die Rudd-ooreenkoms waardeur Lobengula ten gunste van die Chartered Company beslis het. Daardeur is die ideale van baie fortuinsoekers, insluitende die Wood-Chapman-Francis-sindikaat, verongeluk.

Wood verwys na bekende figure in die Suider-Afrikaanse geskiedenis, bv. Mzilikazi, F.C. Selous, Cornelis van Rooyen, Sam Edwards, e.a. Dit val trouens weer by reisbeskrywings soos hierdie op watter belangrike rol Afrikaners in die verkenning van die binneland gespeel het, hoewel hulle selde self oor hulle ervarings geskryf het.

Afgesien van 'n aantal inleidende opmerkings wat bedoel is om die verhaal teen 'n breër agtergrond te plaas, is die teks nie van verklarende aantekeninge voorsien nie — iets wat vir die oningeligte leser van groot waarde sou gewees het. Daar is ook geen register bygevoeg nie. Die boek kan dus nie as 'n wetenskaplike bronnepublikasie beskou word nie, maar maak tog weer 'n interessante, bruikbare vertelling in wyer kring beskikbaar.

E.L.P. STALS
Randse Afrikaanse Universiteit

D.C. DE WAAL: *With Rhodes in Mashonaland*. Rhodesiana Reprint Library No. 36; Books of Rhodesia, Bulawayo, 1974. Pp. 356, R10,80 (Book Club Subscribers, R7,20).

This is the 36th and final volume in the First (Gold) Series of the Rhodesiana Reprint Library. Because it is principally concerned with the founder of Rhodesia, it is a fitting choice to conclude the initial reprint venture which began in 1968. Among the 36 volumes we find such outstanding works as *The Gold Regions of South Eastern Africa* by Thomas Baines; *Sunshine and Storm in Rhodesia* and *A Hunter's Wanderings in Africa* by F.C. Selous; *The Ruined Cities of Mashonaland* by J.T. Bent; *Eleven Years in Central South Africa* by T.M. Thomas; *The Downfall of Lobengula*, edited by W.A. Wills and L.T. Collingridge; *The Ancient Ruins of Rhodesia* by R.N. Hall and W.G. Neal; *Ex Africa* by Hans Sauer; *The Jameson Raid* by H.M. Hole and *How We Made Rhodesia* by A.G. Leonard. If it was the intention of the publishers to cover all the more important aspects of Rhodesia's past, these titles stand as ample proof of their success. The Second (Silver) Series was launched at the beginning of 1975 and will comprise rare out-of-print books on early Rhodesia, commencing with J. Cooper-Chadwick's *Three Years With Lobengula*.

David Christiaan de Waal, author of *With Rhodes In Mashonaland*, was in turn farmer, dealer in ironware, politician, city councillor of Cape Town, traveller and author. Actually, *With Rhodes in Mashonaland* is based on notes which he made during two trips into the interior of Southern Africa. The fact that J.H. (Onze Jan) Hofmeyr was his brother-in-law contributed amongst other things to his entry into politics in 1884. He became and remained a close friend and admirer of Rhodes — so much that he was reluctant to break with Rhodes even during the

acrimonious controversy which followed upon the Jameson Raid.

In 1890, and again in 1891, De Waal accompanied Cecil Rhodes to Mashonaland. He then wrote of his travels in a series of articles which appeared in the Cape magazine, *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift*. These were later expanded, translated from the original Dutch by J.H.H. de Waal and republished, in 1896, as a book entitled *With Rhodes in Mashonaland*.

Amongst the fabulous characters of the last hundred years, Cecil Rhodes must surely stand out pre-eminent. Surrounded in his own lifetime by dedicated admirers with an outer circle of bitter enemies, his character and achievements have been the subject of continual and often rancorous debate. In this instance, we find for a change an unusual portrait of Rhodes — that of an empire builder in relaxed mood, enjoying his holiday in the company of close friends. Here, too, is a fascinating insight into Rhodes's relationship with some of the personalities who, and the events which, characterised the Southern African scene in the 1890's.

The 1890 trip began in October 1890 when Rhodes, a Mr. M.M. Venter (M.L.A.) and D.C. de Waal left Cape Town for the north. At the start they were in company with the then Cape Governor, Sir Henry Loch, and his party. They went by train as far as a point near Vryburg, and further by horse cart to Mashonaland. They returned via Pretoria, Johannesburg and Kimberley. In September 1891 De Waal, Rhodes and Major Frank Johnson visited Mashonaland again, but on this occasion they went up the African east coast as far as Beira. They then went up-river to a Portuguese military outpost in a flat-bottomed vessel. From there they travelled by cart into Mashonaland, but eventually they abandoned this method of transport and proceeded on horse back. At Umtali Dr. L.S. Jameson joined them and here they were provided with a coach. They visited Salisbury, Zimbabwe and several gold mines. By the end of November they returned to the Cape. Altogether De Waal had travelled 6 400 kilometres in the company of Rhodes.

This book contains many revealing anecdotes in connection with Rhodes. On page 37 we read: "Having all taken a bath in the cold water, which we extremely enjoyed, Mr. Rhodes began snipe hunting. He killed two; but how did he look when his sport was over? His suit was soaked with water and besmeared with mud; but this was only another minor manifestation of that conspicuous characteristic of his of carrying out what he has set his mind upon, no matter at what cost." On another occasion (page 48) De Waal relates: "I was forcibly reminded, in the picture Mr. Rhodes presented sitting on his little chair by the fireside, of my departed grandfather, who was wont in the winter evenings to sit before his hearth and warm his hands over the fire." But perhaps the most humorous episode is related on page 168: At break of day, Rhodes had walked some distance from the camp, only to rush back, excited and out of breath. A lion had been chasing him! "With his pyjamas hanging below his knees and still half breathless, he now began to relate what had befallen him He could not tell us how far the lion had followed him, because in his flight he had no time to cast a look behind him."

Apart from these intimate glimpses of a relaxed (sic!) Rhodes, the book also contains a wealth of information on the interior of Rhodesia, its mineral wealth, people and the abundance of game.

De Waal writes well and vividly. There is scarcely an aspect of Southern African life of the 1890's upon which he does not touch, and in so interesting a manner that, apart from those specially attracted by the subject, the general reader of travel books will find the book absorbing. To say that Rhodesia lives in this book is not merely to voice a platitude but it is a sincere summing up of its merits. As such it is a fitting climax to the First Series of Rhodesiana Reprints and in more than one instance an eye-opener of the son of a Vicar of Bishop's Stortford who sought to colour a whole continent red.

A.P.J. VAN RENSBURG
University of Pretoria

B.M. SCHOEMAN: *Vorster se 1 000 Dae*. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 282 pp. prys R6.50.

In hierdie stukkie onlangse verlede behandel die joernalis, B.M. Schoeman, die politieke woelinge binne die Nasionale Party vanaf mnr. B.J. Vorster se bewindsaanvaarding op 13 September 1966 tot met die stigting van die Herstigte Nasionale Party op 25 Oktober 1969.

Die boek begin met 'n feitfout, want op p.12 staan dat sewe dae na die moord op dr. Verwoerd, "op 13 Augustus 1966", mnr. Vorster die sewende Eerste Minister van Suid-Afrika geword het. 'n Mens wonder nou of hierdie growwe feitlike onjuistheid die enigste in die boek

is, veral waar ons te doen het met heelwat geheuewerk oor dinge van gister en eergister.

Die boek het nie 'n enkele verwysing na bronne nie. 'n Mens sou verwag dat 'n skrywer sy bewerings moet staaf veral waar hy so 'n kontroversiële en emosionele politieke tema behandel. Dr. G.D. Scholtz se twee bande oor die lewe van dr. H.F. Verwoerd is volgeprop met voetnotas. Sy bewerings, bevindinge en oordele is verantwoord met bronneverwysings wat toon dat hy wyd gelees het. Die kritiese leser mis hierdie vorm van wetenskaplikheid en beredeneerdheid by mnr. Schoeman. Hy gee byvoorbeeld lang verslae van wat oor etlike jare in die kookus van die Nasionale Party plaasgevind het sonder om ons mee te deel hoe hy aan sy inligting gekom het. Het dr. Hertzog moontlik dagboeke saamgestel oor wat daarin gebeur het of maak hy staat op lg se "fotografiese geheue"? Watter sekerheid het ons dat sulke aantekeninge in moontlike dagboeke betroubaar en nie eensydig saamgestel is nie? Die vraag ontstaan of die besonderhede wat Schoeman verstrekkend betroubaar is. Sy boek poog om slegs 'n feitlike relaas sonder oordele van die gebeurde te verstrek. Dit is duidelik dat die boek uit die gesigspunt van die leiers van die Herstigte Nasionale Party geskryf is. Dis 'n aanklag teen die Nasionale Party en sy leiers, 'n soort ontmaskering van hulle optrede en 'n aftakeling van hulle beelde. Veral diégene wat aanvanklik met die konserwatiefdenkendes (en "voortsetters" van die Verwoerdbeleid) gesimpatiseer het, maar toe "die uur van waarheid" aangebreek, hulle by die Nasionale Party gebly en die konserwatiewe beweging "in die steek gelaat" het, moes dit swaar ontgeld.

Die boek is 'n striemende aanval op mnr. Vorster en só opgestel dat hy voorgestel word as die afwykling van dr. Verwoerd se beleid, en as 'n man wat geswig het vir die liberalisme waardeur hy die N.P. na links geswaai en verliberaliseer het sodanig dat daarin nie plek kon wees vir die tradisioneel konserwatiefdenkende Afrikaners nie. Daardeur het die basis van die N.P. van konserwatief na liberaal verskuif. Ongelukkig gee die skrywer slegs 'n feitlike relaas van sake en laat ons nie die denkklimaat van dr. Hertzog sien nie. 'n Mens sou graag meer wou weet van die teoretiese grondslae van die Hertzogdenke wat tot die redding van die Afrikanerdom moes lei. Dit sou die klem verskuif het van die persoonlike botsings na ideologiese wat groter duidelikheid kon bring.

Sekere aktiewe politici en kultuurleiers wat onder die pen van mnr. Schoeman deurgeloopt het, verkeer nou in 'n posisie om die waarheid van sy bewerings te toets, te repudieer, te wysig, aan te vul of te verwerp. Sou hulle dit nie doen nie kan dit instemming beteken wat kan meebring dat die relaas en bewerings van mnr. Schoeman korrek, betroubaar en aanvaarbaar word. 'n Saak het twee kante en waar 'n mens uit die pen van Schoeman die onskuld van en die onreg aan Hertzog en sy volgelinge aangedoen te sien kry, sou jy graag die gebeurde wou aanskou vanuit die standpunt van die N.P. en sy leiers: Hoe verskyn Hertzog en sy volgelinge in dié se oë? As 'n mens mnr. Schoeman se verhaal as betroubaar moet aanvaar staan jy verbaas oor die kleinikhede, gevoelighede, agterdog, vrees, intriges, nuusdraery, aftakeling, kruiperij, hartstog, onredelikheid en jag na bevordering in die wêreld van die politiek, wat buitestaanders eerder daarvan sal afskrik as aantrek.

Die laaste woord oor die woelinge binne die Afrikanerdom gedurende 1967—'69 is nog nie gespreek nie. Vir die toekomstige historikus wag daar 'n ontsaglike taak. Deur sy boek het Schoeman bepaald nie 'n ondiens aan die jongste verlede bewys nie. 'n Groot swaakheid is egter dat hy nie wys op die betekenis van die skeuring van 1969 nie. Dit sal eers perspektief kry as dit in die raamwerk van datums soos 1912, 1922—'34 en 1939 geplaas word. Ook sou dit betekenis gekry het in die lig van die gebeurtenisse van 1969 tot 1974. Soos dit in "Vorster se 1 000 Dae" behandel is, kry 'n mens al te veel die gevoel dat dit gaan om die spreekwoordelike Engelse "storm in a teacup".

F.A. VANJAARVELD
Universiteit van Pretoria

A Literary History of France

"A Literary History of France," comprises a series of six volumes written by different literary experts under the general editorship of P.E. Charvet, fellow of Corpus Cristi College, Cambridge. This series was first published in 1974 by Ernest Benn Limited of London and Barnes and Noble books of New York.

The first two volumes are, "The Middle Ages" by John Fox, Professor of French at the University of Exeter, and "Renaissance France 1470—1589" by I.D. McFarlane, Professor of French Literature at the University of Oxford. They present an excellent and very complete historical background to the literature of these two ages. Both authors approach the study of literature historically. (It should be noted that the title of the work is "A Literary History of

France" in stead of the usual "History of French Literature." Thus the books are of interest to the historian and also provides the student of literature with a novel approach to his subject.) Their detailed descriptions of events very successfully evoke the climate of their age. Each chapter has numerous bibliographical footnotes and exact references.

Professor Fox makes a very wide survey of the different aspects of medieval literature viz. the lives of the saints, the *chansons de geste* where he gives an analysis of the *CHANSON de ROLAND*, *TRISTAN of Béroul*, the romances of *Chrétien de Troyes*, the *ROMAN de la ROSE*. He discusses the chronicles, moral and didactic works lyric poetry, religious and secular plays, lays, fables and "*fabliaux*". In the analysis of the *CHANSON de ROLAND* the author cleverly uses certain quotations from the text with an English translation to illustrate certain themes or define the main characters. When speaking of Charlemagne: "God, said the king, so painful is my life!" or when referring to the tense and anxious atmosphere quotes the well known lines of the *CHANSON*: "High are the mountains, deep in shadow and mighty" Useful appendices are a list of the kings of the period and some of the outstanding events, a note on the reading of medieval French, a good bibliography and an excellent and accurate index.

Professor McFarlane's volume, on Renaissance France extends from the beginnings of printing in France (1470) to the sunset of the Valois (1589). He succeeds in providing the reader with a personal interpretation of the sixteenth century. The author discusses the principal figures of the age but also includes the lesser figures who represent their times. He depicts the main movements of the *seizième* — the early humanism, and then continues with the development under the various kings. He frequently reproduces poems especially those written by the *Pléiade* to illustrate his statements. Unfortunately no English translations are given. A perusal of the chapter headings for the poet Ronsard shows his personal and thorough method: I. The Odes. II. The Amours. III. The Philosophical Poet. IV. The Court Poet. V. The Committed Poet. VI. The Later Poetry. VII. Ronsard's Poetic World. An appendix lists the lesser known poets. At the end he adds further information for reading and studying on this period. An interesting aspect is his general bibliography which he has listed under different headings eg. printing, themes, theatre, versification, literary influences etc. An excellent glossary is very useful to the student. A good index completes this thorough and scholarly work.

E. VENTER
University of Pretoria

L. DECLE: *Three Years In Savage Africa*. Rhodesiana Reprint Library No. 35, Books of Rhodesia, Bulawayo, 1974. Pp. 594. R12,25 (Book Club Members less 33%).

As outlined in the Publishers' Introduction, this entertaining book — part travelogue, part adventure story and part scientific exercise — was chosen as the penultimate volume in the Rhodesiana "Gold" Series for two principal reasons. Firstly, the author was commissioned by the French Government to study and report on the life-styles, customs and character of the indigenous peoples of southern, central and east Africa. This he did after an exhaustive 11 200-kilometre odyssey which took him, by devious routes, from Cape Town to Mombasa. Secondly, there is a clear and growing demand among Series readers for wider horizons, for books which extend beyond the rather limited confines of Rhodesian history.

The publishers deserve praise for their enterprise in both these respects: ethnology and anthropology nowadays are indispensable components of our knowledge of the African scene and its past, whilst the indigenous people of Rhodesia can never be viewed in isolation from those in other parts of South, East and Central Africa. In this last instance it is significant that Decle's three-year expedition took him from Cape Town in the south, through South Africa, Bechuanaland, British Central Africa, Mozambique, Nyasaland, Tanganyika, Uganda and Kenya to Zanzibar — a truly impressive landscape with a variety of ethnic groups, making his observations a mosaic of the culture of the most important peoples of East, Central and Southern Africa.

Decle's observations and appraisals, of course, lacked historical perspective — he wrote as he saw in 1890, and without the dispassionate maturity which can only come with time. Dr. Murray Steele, of the University of Rhodesia, provides that perspective in his scholarly Foreword to the reprint edition.

The end result is an eminently readable book, full of perceptive comment on the life-styles and customs of the indigenous peoples, pen-portraits of the early white settlements, and tales of the hardship, sickness and danger which were inseparable from cross continent travel in the

1890's.

Although unmistakably Eurocentric in its approach (the tone is set in H.M. Stanley's Introduction and the author's own title), it stands, with its virtues and its faults, as a work of its age, and it will continue to be read, not only by historians and students, but also by laymen interested in the dramatic incidents in the adventures of the 19th century explorers.

In some ways perhaps an impersonal travel book, *Three Years In Savage Africa* is unmistakably the work of that observant and inquiring mind, Declé. By incorporating this work in their series of reprints, Books of Rhodesia have, perhaps unintentionally, underlined the fact that we badly need a serious history of Central Africa — covering the entire period from classical antiquity to the present age. In this respect alone the inclusion of Declé's work in the "Gold" Series is more than meritorious.

A.P.J. VAN RENSBURG
University of Pretoria

S.A. DE VILLIERS: *Otto Landsberg, 1803—1905, 19th Century South African Artist*; pp.120, 58 ill. Kaapstad, C. Struik, 1974. R12,50.

Die vooraanstaande deskundige op die gebied van kuns in Suid-Afrika tot 1875, A. Gordon Brown kon in sy bekende boek oor die onderwerp slegs 'n baie beperkte hoeveelheid gegewens verskaf oor Otto Landsberg, terwyl nie 'n enkele van sy werke bekend was nie. In hierdie omstandigheid het verandering gekom toe in 1956 aan Potchefstroom 'n groot aantal skilderye van Landsberg toegeval het; 'n erflating van 'n afstammeling van die skilder, A.F.F. d'A D'Astra.

Landsberg is afkomstig uit Hesse, Duitsland. Ekonomiese toestande na die Napoleontiese oorloë het sy ouers laat besluit om na die Kaap te trek. Hulle het in November 1817 uit Kassel gereis en na baie wederwaardighede tien maande later in Simonstad aangekom. In Kaapstad is hulle baie goed ontvang en dit het maklik gegaan om in die nuwe omgewing te vestig. Otto het naderhand 'n handel in snuifpoeier gehad.

In 1830 is hy getroud met Maria Leibbrandt, na haar dood met Catherina Matchell. Hy het 'n grondige kulturele agtergrond vir die gesin opgebou. Hy het aangesluit by die Vrye Protestantse Kerk in Kaapstad. Daar is baie musiek gemaak, Tafelberg is herhaaldelik beklim, en hy het tyd gevind vir sy skilderwerk. Die omvang van hierdie werk moet geskat word op ongeveer 200 skilderye, sowel in olie- as waterverf, en 'n aantal tekeninge.

Dis nie onmoontlik dat Landsberg lesse gehad het van Anton Anreith nie. Sy werk omvat landskappe en portrette. Na 'n reis na Europa in 1864, waarby hy blykbaar veral onder die indruk gekom het van die werk van Turner, Constable, Rubens en Raphael, het hy hom begin toelê op Bybelse taferele. Hierdie werk bestaan uit veelal gekopieerde komposisies wat in swaarmoedig-romantiese kleure uitgevoer is. Sy tekeninge van figure is in tipies skoolse neoklassistiese trant.

Baie beter in kwaliteit en ook baie aantrekliker is Landsberg se landskap-skilderye. Daar is verskillende gesigte op Kaapstad en omgewing, Kirstenbosch, Wynberg, Stellenbosch, Bredasdorp, Wellington, Elim-sendingstasie, Worcester en Swellendam. Al hierdie werk veral een van die groot storm in 1865 en 'n voetbalwedstryd, het aansienlike kultuur-historiese waarde. Dis opvallend dat sy portrette, o.a. van R.H. Arderne en die meulenaar van Platteklip, waarskynlik wel 'n redelike gelykenis met die persoon self vertoon. Die figure in sy landskappe is deurgaans egter baie styf en vertoon ernstige foute in verhoudings. Die landskappe self daarenteen, meestal in volle egaal verspreide sonlig, het 'n aangename sfeer en gee blyk van 'n diep belangstelling en aanvoeling, maar ook 'n groot liefde vir die Kaapse natuur.

Hoewel Landsberg moontlik beskou moet word as 'n talentvolle amateur, soos soveel ander kunstenaars in die vorige eeu aan die Kaap, wys De Villiers tereg daarop dat ons geen oordeel behoort te vorm nie. Slegs die helfte van Landsberg se werk is bekend, en meeste hiervan is gemaak toe hy reeds 'n ouer leeftyd bereik het, en nie langer oor sy vroeëre kragte kon beskik nie.

Die boek het 'n voorwoord deur H. Fransen van die Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad. Daar is 'n stamboom van die familie Von Landsberg — hulle het die "von" in Kaapstad laat verval — 'n bibliografie, 'n katalogus van die werke wat bekend is, en 'n indeks. Dit is 'n baie belangrike toevoeging tot die literatuur oor die Suid-Afrikaanse skilderkuns in die 19de eeu.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

J. MACLEAN: *The Guardians*. Books of Rhodesia, Bulawayo, 1974. Pp. 305. R16,95 (Korting van 33% aan Boekklublede).

Hierdie is 'n boek oor mense, oor die onbesonge helde van die bos.

Onlangse gebeure noord van die Limpopo het opnuut die aandag gevestig op 'n bepaalde groep van die Rhodesiese amptenare, nl. die distrikskommisaris wat die eensame buiteposte in die landelike gebiede beman. Hierdie mense het 'n lang en trotse tradisie van diens wat terugreik na die aanstelling van die eerste Naturellekommisaris deur Cecil Rhodes en die skepping van 'n departement van Naturellesake in die negentigerjare.

The Guardians is dan die verhaal van hierdie departement, sy werknemers en hulle gesinne. Hulle was die ruggraat van die administrasie in sy vroeë en middeljare. Hulle moes die reusetaak verrig om so pynloos as moontlik die twee uiteenlopende kulture van twee verskillende rasse te versoen.

Dit gaan dan ook veelal oor mense. Die skryfster vertel van hulle beproewinge, hulle vreugde en hulle prestasies. Geleidelik groei haar verhaal tot 'n huldeblyk aan hierdie amptenare.

Joy Maclean self stam uit die 1820 Setlaars en tel onder die voorste Rhodesiese families. Haar vader, kol. E.H. Peacock, was wildbewaarder in Burma voor die Tweede Wêreldoorlog. Tydens dié oorlog het hy met onderskeiding teen die Japanners geveg en hom ná 1945 naby Umtali in Rhodesië gevestig. Die skryfster het die grootste gedeelte van haar lewe tussen die jare 1949 en 1972 op eensame buiteposte deurgebring waar haar man naturellekommisaris was. So het sy nie net intieme kennis van die lief en leed van die amptenare op die buiteposte opgedoen nie, maar ook 'n grondige studie van haar onderwerp gemaak.

Waar die moontlikheid bestaan dat konstitusionele ontwikkelinge in Rhodesië 'n verandering in die regeringspset kan aanbring en so baie van hierdie soort geskiedenis kan laat vervaag, het sy ongetwyfeld 'n waardevolle bydrae gelewer. Die boek is ryklik geïllustreer en verfraai en in alle opsigte keurig versorg. Die beperkte oplaag word ook in die hoë prys weerspieël en die werk was reeds met sy verskyning 'n versamelaarsitem.

A.P.J. VAN RENSBURG
Universiteit van Pretoria

PROF. E.J. DE JAGER: *Contemporary African Art in South Africa*. pp.32, 129 ill. (16 inkleur). Kaapstad, C. Struik, 1973. R10.

Daar is heelwat gepubliseer oor kuns in Afrika. Bantoe-kuns het in al hierdie boeke deurgaans egter meer op die agtergrond gebly. Toe die bevolking in groot dele van Midde-Afrika 'n gevestigde lewe geleidelik het, het die Bantoe nog gestadig na die Suide getrek. Bantoe-kuns omvat geen grootse skilder- of beeldhoukuns nie. Maar op die gebied van die toegepaste kuns is 'n redelik hoë peil bereik: muurversiering, kraalwerk, houtsnijwerk, e.a.

Bantoe-kuns vandag kan in verskillende rigtings ingedeel word. Daar is die oorspronklike eie kuns, wat nie sonder invloed op die werk van Europese kunstenaars in Suidelike Afrika gebly het nie. Daar is ook die kunstenaars wat Europese rigtings noukeurig navolg. Hulle voel hul oënskynlik meer tuis in Londen en Parys en verloor steeds meer kontak met hul geboorteland. Baie Bantoe-kunstenaars bly hul eie tradisie volg, maar is op hul beurt in minder of meerder mate deur Europese kuns beïnvloed. Dis veral hierdie kunstenaars wat in die boek deur prof. De Jager bespreek word.

Dit lyk asof die Bantoe-kunstenaar dit moeilik vind om hom in abstrakte terme uit te druk. Tegelykertyd is sy werk nooit suiwer realisties nie. Dit neig egter sterk tot die ekspressionisme. Prof. De Jager praat van "figuratiewe ekspressionisme". Ons het te doen met 'n weerspieëling van die reaksie van die moderne Bantoe op die westerse wêreld. Deurgaans is dit sterk emosioneel, weerspanning sowel as gretig, soms onseker, dan weer oormoedig.

Daar is verskillende bykomende invloede. Net soos hul Europese kollegas, het Bantoe-kunstenaars beskikking gekry oor 'n menigte nuwe materiale, wat ook vir hulle aanspoor tot eksperimenteer. Daar is invloede van kunsskole, soos die bekende instelling in Polleystraat in Johannesburg, wat van geweldige betekenis is. Dis onduidelik hoe die Bantoe-kunstenaars wat hierdie opleiding geniet het, daarsonder sou ontwikkel het.

Dis opvallend hoe daar wel deeglik na gestrewe word om die eie te behou, om van Afrika te wees, terwyl invloede van elders amper onvermydelik is. Gevolglik is 'n sekere tweeslagtigheid dikwels onmiskenbaar, hoewel dit natuurlik nie die kwaliteit hoef te beïnvloed nie.

Ewemag uit die oog verloor word dat die kunshandel 'n baie aanmoedigende rol

gespeel het. Kunstenaars is aangehelp, belangstelling by potensieële kopers is opgewek en daar is 'n bestendige mark opgebou. In hoever handelsdruk hierby 'n rol speel en watter invloed dit op die kunstenaars gaan hê is moeilik om nou reeds te bepaal. Deurdat pryse deurgaans te hoog is vir eie mense, wat bowendien, deels as gevolg van omstandighede, nog nie baie belangstelling getoon het nie, kan geensins vasgestel word nie hoe Bantoes in die algemeen reageer op die werk van hul eie moderne kunstenaars.

Hoewel prof. De Jager self geen kunshistorikus is nie, het hy nogtans daarin geslaag om 'n uitstekende inleiding tot moderne Bantookuns te skryf. Hoewel daar 'n lang lys van kunstenaars verskaf word, kon slegs die werk van 'n baie beperkte aantal nader bespreek word. Om die gebied uitgebreider te behandel, sou 'n diepgaande studie vereis, wat buite die opset van hierdie boek lê. Maar die pad is nou aangedui vir ander om op hierdie interessante en dikwels boeiende gebied in te gaan. Laat daar geen twyfel wees nie dat prof. De Jager die geskiedenis van kuns in Suid-Afrika 'n groot diens bewys het.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

J. COOPER-CHADWICK: *Three Years With Lobengula*. Rhodesiana Reprint Library Second Series No. 1. Books of Rhodesia, Bulawayo, 1975. Pp. 160. R9,40 (Boekklublede ontvang 33% korting).

Hierdie werk lui die nuwe reeks herdrukke in wat in en om die Rhodesiese geskiedenis sentreer. Die vorige reeks, wat 36 volumes beloop het, het sommige van die skaarste Africana ingesluit en bo en behalwe die historiese ook die etnologiese en antropologiese verlede van die kontinent belig.

Cooper-Chadwick het sy wedervaringe oorspronklik neergeskryf om sy bejaarde vader te vermaak. Later, in 1894 het die familie en vriende hom omgepraat om dit in boekvorm te publiseer.

Dis interessant dat die skrywer in 1884 op 20-jarige ouderdom as vrywilliger na Suid-Afrika gekom het om saam met die Warren-ekspedisie teen die Boere in Stellaland en Goosen op te tree. Later het hy hom by die Betsjoeanalandse grenspolisie aangesluit. In 1887 het hy sy ontslag geneem, vas oortuig dat hy ryk sou word uit goudspekulasie aan die Rand. Hy was om die beurt mynwerker en prospekterder, bou-aannemer en landmeter, maar slaag nie daarin om 'n fortuin te versamel nie. In 1888 het hy en twee vennote 'n groep Johannesburgers oorgehaal om hulle te borg op 'n konsessie-tog na Bulawayo, hoofsetel van Lobengula se Ndebele-ryk noord van die Limpopo.

Cooper-Chadwick het drie jaar aan Lobengula se hof deurgebring, veelal as 'n minderbelangrike persoon wat slegs op die rand van dramatiese gebeure staan. Hy handhaaf uitstekende betrekkinge met die Ndebele-koning asook met Cecil Rhodes se wit gesante. Later, in Oktober 1890, reis hy na die pasgestigte Salisbury. Hy prospekter na goud en vind 'n klein hoeveelheid. Kort hierna eindig sy verblyf in Afrika onverwags en tragies toe hy albei sy hande in 'n skietongeluk verloor. Hy keer na Ierland terug waar hy *Three Years With Lobengula* skryf — met 'n pen aan sy regterarm vasgebind.

Sy werk vertel van die pioniersdae aan die Rand en in Rhodesië en bied intieme kykies op die karakter van Lobengula wat hy as verreweg die intelligentste Ndebele beskou. Verder beskryf hy ook die militêre en maatskaplike stelsel van die Ndebeles, hulle feesdae en seremonies. As ooggetuie van die wedywing onder mededingende konsessiejaegers lewer hy nogal 'n nugtere en onbevangen bydrae tot die verhaal van Transvaal se pogings tot uitbreiding noord van die Limpopo en Rhodes se uitoorlé-politiek.

Hoewel geen opgeleide historikus nie en daarom nie altyd in staat om gebeure in hulle juiste perspektief en in al hulle geledinge te begryp en te verklaar nie, is Cooper-Chadwick se werk nogtans goeie bevestigende getuienis van wat werklik tydens die jare 1888—1890 in die huidige Rhodesië gebeur het.

Nie net die Africana-versamelaar nie, maar ook alle belangstellendes in die wordingsjare van Rhodesië en Kruger se uitbreidingsstrewe na die noorde sal die werk waardevol vind. Die uitgewers, wat spesialiseer in werke in en rondom Rhodesië se geskiedenis, moet gelukkig wens word met hierdie eerste nommer in hulle nuwe reeks herdrukke. Ons sien vooruit na die volgende nommer in dié verdienstelike projek.

A.P.J. VAN RENSBURG
Universiteit van Pretoria

J.G. STORRY: *The Shattered Nation*, pp.175, 21 ill. Kaapstad, Howard Timmins, 1974. R5,95.

Telkens weer word 'n boek toegevoeg aan die reeds taamlik uitgebreide aantal studies oor die Matabele nasie in Rhodesië. Telkens word feite toegevoeg wat bewys lewer van onnoselheid, onkunde en onregverdigheid as die mees in die oog lopende gesigspunte van die Matabele-oorlog. Storry gaan uit van 'n heeltemal ander standpunt. Sonder Mosilikatse sou daar geen Matabele nasie gewees het nie. Dis hy wat die waarde van goeie organisasie, voeding en militêre oefening besef het om sy onderdane tot 'n eenheid te snoer. Hierdie beleid het hom sy grootste suksesse opgelewer. Tegelykertyd het dit die oorsaak geword van die val en vernietiging van die Matabeles.

Die selfstandige geskiedenis van die Matabeles het slegs 'n halwe eeu geduur. Dit het begin in 1838 toe Mosilikatse van die Zoeloes afgeskei het. Dit het geëindig in 1888 met die dood van Lobengoela. Storry weet hoe om die verskillende gebeurtenisse met 'n sterk sin vir werklikheid te beskryf en hy het 'n sterke gevoel vir agtergrond. Die jeug van Lobengoela, die dood van die eerste kroonprins Nkuluman, die onderhandelinge oor Lobengoela se troonopvolging terwyl 'n leërafdeling hom buitekant die dorp vol energie met oorlogsdanse besig gehou het. Lobengoela het sterk leërs gehad en hy het getrag om die tradisie van Mosilikatse voort te sit. Allerlei oorsake buite sy mag het egter uiteindelik tot sy val gelei. As gevolg van die Matabeles se rooftogte het te veel vreemde soldate deel uitgemaak van die impies. Lobengoela was bowendien meer toegewend as Mosilikatse. Dit was egter taktiek wat die deurslag gegee het. Reeds Mosilikatse het 'n vrees gekoester vir vuurwapens en het hul bestaan doelbewus geneeer. Ook vir Lobengoela was daar geen noodsaak om aandag daaraan te skenk. Die tradisionele aanvalstaktiek van 'n middegroep met twee omsingelende arms was telkens weer suksesvol. Die Matabeles het egter slegs 'n aanvalstryd gevoer; 'n staande front van verdediging was 'n onbekende taktiek vir hulle.

Hoewel die Matabeles ongetwyfeld die lewe van 'n roofdier gelei het, moet die begrip barbaar met versigtigheid gebruik word. Die wreedhede wat die Matabeles begaan het was nouliks verskillend van die handelinge wat by Europese vorste in Europa gebruiklik was. Die wêreldgebeure aan die einde van die 19de eeu is egter beplan aan die hof van Westminster, en deur regerings op die vasteland van Europa en in Amerika, nie in die kraal van Lobengoela in Bulawayo nie. Dis die geweldige agterstand in vergelyking met Wes-Europese en Amerikaanse kennis en lewensomstandighede, en tegelykertyd 'n tekort aan noodsaak om vinnig hierby aan te pas, wat die Matabeles uiteindelik tot hul val gebring het. Die dikwels weinig loofbare optrede van menige amptenaar van die B.S.A.K. juis voor en gedurende die Matabele-oorlog was slegs 'n plaaslike aanleiding van gebeurtenisse wat geen ander afloop sou gehad het nie.

Storry voel baie onseker oor wie nou eintlik werklik in die twee koningsgrafes, van Mosilikatse en van Lobengoela, begrawe is. Het ons hier te doen met werklike grafes of slegs met simboliese mousoleums?

Hoewel die skrywer op party plekke baie diep op besonderhede ingaan, doen dit aan die oorsigtelikheid van sy relaas geen afbreuk nie. Hy het 'n duidelike en logiese skryfstyl wat hom uitstekend daartoe leen om gebeurtenisse te ontleed, gevolgtrekkings te maak sonder om aan oorsigtelikheid te moet inboet. Dis juis die grondige navorsing en opmerklike oordeelsvermoë, en 'n frisse leesstrant, wat hierdie boek so boeiend maak.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

JOHAN DE VRIES, *De Nederlandse economie tijdens de 20ste eeuw. Een verkenning van het meest kenmerkende*; Uitgeverij De Nederlandsche Boekhandel, Antwerpen-Utrecht 1973, Reeks: Mens en Welvaart, 207 pp., prijs f.10.

Professor Joh. de Vries, hoogleraar in de economische geschiedenis aan de Katholieke Hogeschool te Tilburg, heeft een beknopte economische geschiedenis van Nederland in de 20ste eeuw gepubliceerd. Een deel van zijn werk is eigentijdse geschiedschrijving; deze betreft de tijd welke de schrijver zelf bewust heeft meegemaakt. De Vries kent de beperkingen daarvan: in zijn Besluit (p.191) schrijft hij, "dat wij nauwelijks van geschiedschrijving kunnen gewagen — wegens gebrek aan afstand — maar eerder van historische journalistiek." Dit moge waar zijn, maar hij heeft zeer verdienstelijk werk verricht voor de economist, voor wie de eigentijdse geschiedenis het belangrijkste deel der historie is. De Vries' lange literatuurlijst met goede overzichten op p.193—199 toont aan, dat hij op degelijk voorwerk kon steunen. De beoefenaar der Zuidafrikaanse economische geschiedenis in onze eeuw voelt afgunst op dit voorwerk, dat in

Zuid-Afrika nog schaars verricht is.

De schrijver heeft zijn uitvoerige stof verdeeld in de in Nederland gangbare rubrieken *Struktuur, Konjunktuur en Economische politiek*, in plaats van in hoofdsektoren, zoals landbouw, industrie, handel en andere. Deze indeling is doelmatig voor zijn beknopt overzicht en laat toe, dat de schrijver sommige sectoren als minder belangrijk summier behandelt of weglaat. Dat is in *De Vries'* werk het geval met de koopvaardij, de visserij, de emigratie (korte, maar belangwekkende episode in 1950—70) en de sociale geschiedenis.

Bij het begin der 20ste eeuw had Nederland zijn inzinking, welke in de 18de eeuw begon en duurde tot diep in de 19de, overwonnen. Het had namelijk een nieuwe gunstige positie in de wereldhuishouding verworven. Onze eeuw is een tijd van economische, sociale en culturele opgang in Nederland, ondanks diepe inzinkingen in twee Wereldoorlogen, een Grote Depressie, welke daar abnormaal diep en lang was, en het verlies van Oost-Indië, waarvan de schrijver de nieteconomische spijtige gevolgen beseft (p.53). De industrialisatie en het moderne kapitalisme manifesteerden zich eerst laat in de 19de eeuw, maar ontplooiden zich na 1900 krachtig, hoewel Nederland eerst na 1945 een echt industrieland is geworden.

Loffelijk is *De Vries'* gedetailleerde vergelijking tussen de economische gevolgen van de oorlogs- en naoorlogstijd der beide Wereldoorlogen. Mijns inziens ware het echter beter geweest deze vergelijking uit te stellen tot de bespreking van Wereldoorlog II in plaats van ze te trekken bij de bespreking van Wereldoorlog I op p.72—92; dit verbreekt namelijk de tijdsvolgorde. Hij noemt op p.72 e.a. de fase der Wereldoorlogen de "anticonjunctuur"; een duidelijker benaming zou "oorlogsconjunctuur" als onderbreking van de vredesconjunctuur zijn geweest.

Opvallend blijkt in het onderhavige boek de continuïteit van de ideologie bij de grote meerderheid van het Nederlandse volk tijdens de woelingen der 20ste eeuw, te weten vertrouwen in de werking der vrije marktfactoren en tot in de jaren 60 in het vrije ondernemerschap. In de economische politiek overheersten het geloof in de gouden standaard tot 1936 en in de evenwichtige staatsbegroting tot 1939. Na 1945 hebben economen en anderen dat geloof bitter gewraakt. *De Vries* weet als historicus te relativiseren en uit op p.139 een milder oordeel dan bijvoorbeeld de econoom F.A.G. Keesing; hij wijst op de historisch verankerde geest der gekritiseerde beleidmakers Colijn, Oud en Trip, vasthoudend aan vrijhandel en afkerig van manipuleren met de wisselpariteit, de laatste een doelstelling waaraan ook beleidmakers in Zuid-Afrika tot 1933 hebben vastgehouden. Bovendien konden de beleidmakers niet voorzien, dat de Grote Depressie de zwaarste in de westerse geschiedenis zou zijn. *De Vries* wijst er ook op, dat na 1945 (tot 1970) geen Nederlands ministerie een ander nijpend nationaal vraagstuk, het woningtekort, vermacht op te lossen en maant aldus tot matiging van kritiek.

Voor de tijdgenoot zijn *De Vries'* beschouwingen over de jaren na 1945 het interessantste. Hij beklemtoont onder meer dat snelle economische herstel, de versnelde industrialisatie, welke onverwachte welvaartstoename heeft gebracht en de vrees voor overbevolking en de drang tot emigreren heeft weggenomen, en de uitbreiding van de welzijnsstaat of verzorgingsstaat. Hij wijst ook op schaduwzijden van de welzijnsstaat of verzorgingsstaat. Hij wijst ook op schaduwzijden van die staat, zoals de verhoogde kwetsbaarheid voor inflatie en depressie uit het buitenland wegens de toegenomen verbondenheid met de wereldhuishouding, de verzwakte mededingingspositie, de verslechtering van de dienstenbalans wegens relatieve inkrimping van de tussenhandelaarspositie en de koopvaardij, gebrek aan fysieke ruimte en vervuiling. Hij memoreert op p.114 met bekommernis de toename van het aandeel der werknemers in het netto nationale inkomen van 68,7% in 1960 naar 81,0% in 1971 en op de korrespondende afname van het rendement op kapitaal van 5,7% in 1955/56 naar 3,0% in 1971. Deze verontrustende neiging duurt voort. Geen wonder dat deze konsteninflatie de investeringslust benadeelt.

Enige feiten in zijn verhandeling moge ik sterker onderstrepen. Op p.178 betoogt hij, dat de jaren 1951—52 bewezen, dat doelbewust economisch en monetair beleid het betalingsbalansenwicht kunnen herstellen; mijns inziens ware dat zonder de Marshall-hulp niet mogelijk geweest. Hij vermeldt niet de heroriëntering van Nederland na 1945: het land heeft zich meer op Europa — vooral op de E.E.G.-landen — en relatief minder op andere werelddelen gericht en wordt continentaler; dat blijkt uit de reeds vermelde vermindering van de handel met Indonesië en de koopvaardij.

Schrijver typeert de jaren 60 als een "worsteling met de welvaart" (p.191), maar deze kan onverwachts verkeren in strijd tegen tekort en ontbering als in de Wereldoorlogen en de Grote Depressie. De aardolieschijnkrisis in 1973 heeft dit m.i. onderstreept en de steeds harder hollende inflatie zal dat nog drastischer verduidelijken.

Ik beveel *De Vries'* stimulerende schets van Nederland in deze eeuw graag ter lezing aan.

C. DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika